BEROEPENUUS— geen nuus ontvang nie

Aurelius Augustinus – 'n Kwajong word kerkvader ***(deur N van der Merwe 2009)***

Die korrels uit die uurglas van die geskiedenis word in 'n hopie herinneringe uitgestrooi op 13 November iewers aan die noordpunt van Afrika. Kom ons kyk vanuit die suidpunt van die kontinent deur die newels van die geskiedenis na 13 November 354 in Tagaste (Noord-Afrika). Ons kan in die gees ná 1630 jaar op die geboorte van 'n groot, groot figuur uit die bladsye van die kerkgeskiedenis terugskou. Want op Sondag 13 November 354 is die derde kind van Patrisius en Monika gebore in 'n dorpie in die dal aan dieBagradasrivier. Met die geboorte van Augustinus uit die heidense Patrisius en die gelowige Monika, het God 'n belegging gemaak in menslike gawes wat dividende sou lewer deur die Heilige Gees, tot in die hart en lewe van menige Kerkhervormer bykans 1200 jaar later.

Wilde man van die Sahara

Augustinus se geboorteplek Tagaste is geleë ongeveer 250 km van Kartago, aan die Noord-Afrikaanse kus, op 'n plato tussen die berge iewerswaar vandag die grens van Algerië en Tunisië is. In hierdie plattelandse dorpie in die verre Oos-Sahara groei Augustinus op onder die Christelike opvoeding van sy moeder Monika. Aan die ander kant leer sy pa hom die dinge van 'n man uit die siel en lewe van 'n heiden. Tot op 11 jaar groei hy op en gaan skool toe uit sy ouerhuis. Die jonge Augustinus was alles behalwe 'n liefhebber van skoolgaan. In 365 word hy gestuur na Madaurus, 25 km ten suide van Tagaste, vir verdere skoolonderrig in veral Latyn en Grieks. Aan die einde van 369 (en 15 jaar oud) keer Augustinus terug na sy ouerhuis. Sy pa het nie geld om hom vir verdere studie weg te stuur nie, sodat Augustinus vir 'n volle jaar tuis niks doen. Saam met sy maats het hulle die strate van Tagaste, veral in die aand, op horings geneem. Lui, traag, opstandig, vol kwajongstreke het hy sy dae (en nagte) verwyl. Sedelik was hy en sy maats ongebonde. Hulle optrede het naderhand gedaal tot die peil van gemene, slegte dade van steel, roof, verniel, aanrand. 'n Ryk vriend van die gesin, Romanianus, stel egter geld beskikbaar vir Augustinus om in Kartago te gaan studeer. *Word vervolg*

12/01– Doreen Badenhorst 0834194147	16/01– Roche Pratt 0823193269
13/01– Hester du Plessis 0829696845	17/01– Willem Pelser 0833065876
14/01– Thomas van Dyk 0835948438	18/01– Andries Badenhorst (jr.) 0740447047
*15/01– Cora Kruger ** *012 440 8733*	18/01– De Klerk Prinsloo 0723279163
16/01– Johan Kruger 0842153275	18/01– Estie Venter 0728273835
** 80 jaar en ouer*	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Pasop vir 'n na-paadjie. Daar moet 'n rede voor wees dat die hoofweg nie daarlanges gaan nie – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

12 Januarie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Habakuk 3
Teks: Habakuk 3:16-18
Sing: Ps. 36:2; Ps. 130:1,3; Ps. 42:6,7; Ps. 118:1,2

NOGTANS VAN ONS GELOOF

Party Skrifverklaarders sê dat Habakuk 3 net sowel as 'n Psalm gelees kan word. Die geloof wat u tot nou toe gedra het, die geloof wat u in hierdie jaar sal dra, deur hierdie geloof kan ons lewe, want Jesus Christus het God se geregtigheid ons regverdiging kom maak.

Op die wysie van Sjigjonot het Habakuk hierdie lied, ja hierdie soort Psalm ingesit (3:1) . Die woord *Sjigjonot* kom van die Hebreeus wat "groot maak" beteken.

KATKISASIE– Katkisasie begin DV weer op 19 Januarie 2014

TWEEDE EREDIENS– (10h30)
Doop– verbondskindjie
Br en sr Jaco en Marianda van Jaarsveld
Skriflesing: Eksodus 28:1-6; 36-43
Teks: Eksodus 28:36-38
Sing: Ps. 92:2; Ps. 128:4; Ps. 89:2; Ps. 65:3

BLOMPLAAT OP AäRON SE HOED

Ons wil by hierdie doop aandag gee op 'n deeltjie wat op Aäron se kop geplaas is, wat by die doop op die kop geplaas besondere betekenis moet dra.

Ons het gelees van 'n plaat van suiwer goud wat gemaak moes word en waarop daar in duidelike letters geskryf moes word- HEILIG AAN DIE HERE.

Dan moes hierdie blomplaat met 'n pers toutjie aan die tulband vasgewerk word, dit moet heeltyd aan die voorkant van die tulband gedra word.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 12 en 14
Ouderlinge: Boere Smit en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster

Volgende Sondag (19/01) – Wyke 16 en 17
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Met leedwese maak ons bekend dat **br Phil van der Merwe** Dinsdag-middag oorlede is. Aan **sr Nakkie en die kinders** en familie ons innigste meelewing. Ons bid julle die troos van die Heilige Gees toe. **Br. Wimpie Theunissen** was in die hospitaal met nierstene. Ons bid hom in hierdie terugslag ook volkome herstel toe. **Br Duppie du Plessis** wat geval en sy heup gebreek het bid ons volkome herstel toe. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds plaasgevind het. **Sr Connie Buys** wie se gesondheid nie goed is nie word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Ann van der Merwe** bly in ons gebede . Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. **Br Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Al was daar mate van verbetering is die kans op volle herstel op die stadium onwaarskynlik. Hy s die meeste tye nog in Weskoppies. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot verwagtinge het ons hierdie projek van stapel gestuur. Die insameling is deur die hele kerkverband geloods. Op die einde was ons fondse oor die R180 000 wat ingesamel is. Ons het gedurende die vakansie die voertuig aangekoop. Ons bede is dat dit mag dien tot uitbreiding van God se koninkryk in Zambië waar ds. Charles Zulu die voertuig sal gebruik. Dit behoort aan die gemeente wat daar gestig is bekend as die *Confession church* in Zambië. Aan almal wat op een of ander wyse 'n bydrae kon lewer ons hartlike dank. Ons is ook dankbaar teenoor die NG kerk in Lusaka wat ons gehelp het om die fondse te kon oorplaas en administreer, in besonder hulle kassier br Gert van der Walt, ook 'n oud-gereformeerde. Dit was maar 'n moeisame en beproewende fase...

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Intand-houding
19/01/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Christelike onderwys Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
15/01	Skole begin
21/01	Finans– en advies vergd
23/01-	Kerkraadsvergd
13/02	Oudl-vergd
16/02	Voorbereiding
23/02	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.
Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 10

Sending en opdrag van die Apostels

10:1 – In 9:38 sê Jesus dat gebid moet word dat die HERE arbeiders in die oes moet uitstuur. Hierdie hoofstuk begin, waar Hy die Dissipels toerus met die gawes om die eerste van hierdie arbeiders te wees.

mag gegee – "Mag", in die sin van "gesag". *Soos Christus gelowiges vir ons profetiese en koninklike taak roep, roep Hy ons ook vir `n priesterlike taak. Die Here beoefen hierdie Amp van Hom steeds vanuit die hemel ook deur die voorbidding en die seëninge in Sy gemeente. Saam met die Apostels se opdrag om te verkondig, kom ook die opdrag om barmhartigheid te bewys. Hulle het daarby ook die besondere genadegawes in daardie begintyd van die Kerk gehad, bv om geeste uit te dryf en siektes en kwale te genees.* In die Apostels se opdrag, lê die opdrag aan die Kerk, wat op die fondament van die Apostels se prediking gebou is. Ons het wel **nie meer die uitsonderlike gawes** nie, maar die barmhartigheid word op baie ander wyses betoon.

*Totius behandel elders die uitstorting van die Heilige Gees, en wys daarop dat die emosionele geloofs-rigtings onder andere hierdie vers **misbruik** as "bewys" dat allerhande wonders moet plaasvind, om geloof te bewys. Daarmee saam gebruik hulle ook bv Mark 16:17-20 en Jak 5:14-16 op verkeerde wyse.*

Onreine geeste – `n Ander manier om duiwels aan te dui. Hulle is kreature wat die reinheid voor God deur hulle afval saam met Satan verloor het.
Een verklaarder wys daarop dat die Dissipels *nie* die mag en gesag ontvang het om tot bekering te bring nie. Dit is omdat God alleen hierdie wonder kan laat plaasvind. Die verkondigers is slegs Sy instrumente, wat die Woord bring. Die Gees gebruik die Woord om tot geloof te bring.

10:2-4, Apostel – Hierdie woord, wat `n ampstitel geword het, beteken "uitgestuurdes" en ook "afgevaardigde". Dit wys op iemand wat vir `n bepaalde taak afgesonder is.

name van die twaalf Apostels – Dit lyk asof nie almal onder ander name ook bekend was nie. Simon is later net Petrus genoem. Bartholomeüs beteken "seun van Tholmai", en was Nathaniël. Dat Mattheüs na homself verwys deur te noem dat hy `n tollenaar was, kan slegs bedoel word vir uitkenning. Tog is dit moontlik dat hy dankbaar daaraan dink dat hy deur Christus verlos is uit `n ergerlike lewe.
Blykbaar was Lebbeüs se tweede naam (of "van") Thaddeüs, en hy is aan ons meer bekend as Judas, seun van Jakobus. Simon "Kananites" se tiperende naam kom waarskynlik van die Aramese woord *kan'an*. Dit weer – so word vermoed – kom ooreen met die Griekse woord *zelotes* (Yweraar). Dus: Simon die Yweraar.

10:5, moenie gaan – Waarom kom die eerste bevel om net onder die Israeliete die Evangelie te verkondig ? In Rom 11 word oor hierdie saak gepraat. Israel moes "eerste kans" kry, en uit die groot deel van hulle wat Christus verwerp het, groei die verdere bevel (Mark 16 en Hand 1) om nou aan alle nasies te gaan verkondig.
Die Dissipels was op daardie stadium nie naastenby gereed vir die uitdaging om na die heidene te gaan nie. Ten spyte van heidene wat in Jesus se tyd al geglo het, en die eerstelinge (soos die hoofman Cornelius – Hand 10), was alles nog nie gereed nie. God het die werklike "heiden-apostel", Paulus, ook eers oor bykans veertien jaar voorberei vir die taak. Daar is ander voorbeelde dat die Evangelie wel na die heidene sou kom, soos die Samaritaanse vrou (Joh 4).

10:6, verlore skape – Eintlik sluit hierdie woorde alle Israeliete in. Die leiers was immers voorlopers in dwaling. Die gelykenis van die verlore skaap moet veral gesien word as `n aanval teen die Fariseërs wat afgedwaaldes net veroordeel en vermy het. Daarteenoor moet die Apostels en daarna alle gelowiges met Israel bly praat, maar uiteindelik kom die verkondiging aan die heidendom aan die beurt.
Die uitstuur na die verlore skape moet verbind word met Jesus se medelye met die gelowiges onder Israel wat soos skape sonder herder was
Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

2 Jan 1896– Jameson oorgawe; *4 Jan 1857*– MW Pretorius as president gekies; *4 Jan 1993*– dr. Danie Craven oorlede; *4 Jan 1996*– Dr. Jan Spies oorlede; *4 Jan 2007*– Pres Marais Viljoen oorlede ; *5 Jan 1976*– TV-uitsendings begin amptelik in SA; *6 Jan 1857*– Die vierkleur—amptelike vlag van die ZAR word eerste keer in Potchefstroom gehys; *8 Jan 1806*– Tweede anneksasie van die Kaap; *8 Jan 1918*– KWV geregistreer; *9 Jan 1814* – Evangeliese gesange amptelike deur die kerkraad van Kaapstad ingevoer; *9 Jan 1871*– Eugene Marais gebore; *10 Jan 1818*– Dirk Postma gebore; *11 Jan 1859*- Uittrede 15 Gereformeerdes uit die Herv. Kerk van ZAR; *12 Jan 1666*– Ds. Joan van Arckel eerste vaste geordende predikant aan die Kaap onverwags op 26-jarige ouderdom oorlede; *12 Jan 1865*– JFE Cilliers gebore; *13 Jan 1849*– Kerkbode, amptelike mondstuk van die NG kerk verskyn die eerste keer; *13 Jan 1922*– CP Hoogenhout oorlede; *18 Jan 1677*– Jan van Riebeeck oorlede